

Saterdag 27 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 6:5-9

Die Here bepaal werknemers en werkgewers se verhouding tot mekaar

Slawerny was in die wêreld van Paulus se tyd 'n baie algemene verskynsel. Slawe is verskriklik behandel, geslaan, met kettings vasgemaak en selfs doodgemaak. Paulus se opdrag aan werknemers en werkgewers is om in ooreenstemming met die nuwe lewe in Christus op te tree.

Werknemers behoort gehoorsaam te wees aan hulle werkgewers asof aan die Here en daarom vol eerbied, ontsag en met 'n opregte hart, want agter die eienaar van die werkne-mer moet hy die Here Self sien. Wanneer die Christen-werknemer besef dat God die eint-like Opdraggewer is, sal hulle hul werk doen asof vir die Here. Ons moenie werk om raak-gesien te word nie, maar soos werknemers van die Here wat sy wil uitvoer. Omdat ons vir Christus werk, sal ons met vreugde werk en sonder om te kla.

Werkgewers moet hulle werknemers behandel soos die Here wil. Die goue reël is om aan 'n ander te doen soos jy graag aan jouself gedoen wil hê. As ons wil hê 'n werknemer moet respek teenoor ons betoon, moet ons respek aan hom betoon. Die Here is die Baas van werknemers en werkgewers, en daarom moet werkgewers hulle werknemers eerlik en met respek behandel.

Werkgewers en werknemers is broers en susters in die gemeente en in die huisgesin van God, en daarom sal dit tot gesonde arbeidsverhoudinge onder mekaar lei. Christus is alles en in almal. In die samelewing is liefde die band wat ons aan God en mekaar bind en ons is mense wat openlik in die lig woon en vervul is met die Heilige Gees.

Sing: Psalm 128-2:1

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)